JOHANNESBURG EAST DISTRICT

DISTRIK-EKSAMEN

GRAAD 12

AFRIKAANS EERSTE ADDISONELE TAAL

VRAESTEL 3

SEPTEMBER 2014

PUNTE: 100
TYD: 2 ½ UUR

Hierdie VRAESTEL bestaan uit 7 bladsye.

GDO DISTRIK D9 AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL
GRAAD 12 SEPTEMBER-EKSAMEN
VRAESTEL 3

INSTRUKSIES EN INLIGTING

INSTRUKSIES:

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings.
   AFDELING A: Opstel. (50 PUNTE)
   AFDELING B: Langer transaksionele tekste. (30 PUNTE)
   AFDELING C: Transaksionele, naslaan en informatiewe tekste (20 PUNTE)

2. Beantwoord EEN vraag uit elke afdeling.

3. Skryf in die taal wat geassesseer word.

4. Begin elke afdeling op 'n NUWE bladsy.

5. Jy moet jou werk beplan (deur bv. die gebruik van 'n breinkaart / diagram / vloeidiagram / sleutel woorde, ens), redigeer en proeflees. Die planning moet voor elke teks verskyn.

   VOORBEELD:

	LINKERBLADSY **BEPLANNING/REDIGERING** **Kan** só lyk  Jy kan dan op die bladsy jou foute vebeter / wys voordat jy die stuk oorskryf.		**1.2.**	**REGTERBLADSY** **FINALE PRODUK** Byvoorbeeld: **Die sokkerwêreldbeker**	

6. Alle beplanning moet duidelik aangedui word en ingehandig word. Dit is raadsaam om 'n streep te trek deur die beplanning.

7. Jy word sterk aangeraai om jou tyd met die beantwoording van elke afdeling as volg te verdeel:

   - 80 minute aan Afdeling A
   - 40 minute aan Afdeling B
   - 30 minute aan Afdeling C.

AFDELING A: OPSTEL
VRAAG 1

- Kies EEN vraag en skryf 200 – 250 woorde oor die onderwerp.
- Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, bo-aan.

1.1.

Hoera!	

OF

1.2.

	Voor ek 25 jaar oud is wil ek...

OF

1.3.

Ek wil weet hoekom…	

OF

1.4. Die area waarin ek woon.

OF

1.5. **Tieners moet meer versigtig wees oor die vriende wat hulle kies.**

OF

Kies EEN van die volgende visuele tekste. Laat jou gedagtes gaan en skryf **ENIGE LANG OPSTEL** daaroor.

1.6.1.

OF

1.6.2.

OF

1.6.3.

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B: LANGER TRANSAKSIONELE TEKSTE
VRAAG 2

• Kies EEN vraag en skryf 120 – 150 woorde oor die onderwerp.

2.1. Jou gunsteling onderwyser in die skool was betrokke in 'n motorongeluk en het gesterf. Jy het gevra of jy die een in jou klas kan wees om 'n huldeblyk aan die onderwyser te doen by die Huldeblykdiens wat by die skool oor die onderwyser gehou gaan word. Skryf 'n HULDEBLYK oor die onderwyser. Dink aan dinge soos:

- Die naam van die onderwyser.
- Wat die onderwyser vir jou beteken het.
- Wat die onderwyser vir jou skool beteken het.
- Wat die onderwyser vir jou opvoeding beteken het.

OF

2.2. Dis die einde van julle matrieks se skoolloopbaan en julle wil graag die hoof en die onderwysers bedank vir alles wat hulle vir julle beteken het. Jy is gevra om gedurende 'n personeelvergadering iets vir hulle te sê. Skryf die INFORMELE TOESPRAAK wat jy gaan gee gedurende die vergadering. Skryf oor dinge soos:

- Wat die skool uniek maak.
- Wat die hoof / onderwysers vir julle beteken het.
- Hoe die onderwysers julle voorberei het vir die toekoms.
- Wat julle sal onthou van die skool.
- Julle wense vir die skool se toekoms.

OF

2.3. Diefstal is 'n groot probleem in julle skool. Skryf 'n KOERANTBERIG vir julle skoolkoerant oor die probleem. Sluit dinge in soos:

- Wat die meeste gesteel word.
- Waar die dinge gesteel word.
- Hoekom jy dink dit gesteel word.
- Hoe jy dink die probleem opgelos kan word.
- Dinge wat die leerders / onderwysers kan doen om te verhoed dat hulle besteel word.

OF

2.4. 'n Bekende sanger het julle skool besoek om die leerders te inspireer. Skryf 'n FORMELE BRIEF waarin jy die sanger BEDANK vir sy/haar besoek.
Jy kan die volgende riglyne gebruik om jou te help:

- Die naam van die sanger.
- Die impak van die sanger se besoek.
- Wat jy gedink het van die sanger se toespraak – noem spesifieke goed wat gesê was.
- Jou wense vir die sanger se toekoms.

TOTAAL AFDELING B: 30

EN

AFDELING C: TRANSAKSIONELE, NASLAAN- EN INFORMATIEWE TEKSTE
VRAAG 3

• Kies EEN vraag en skryf 80 – 100 woorde oor die onderwerp.

3.1. Jy het sopas gehoor dat jy by die tersiëre inrigting waar jy aansoek gedoen het om verder te gaan studeer, aanvaar is. Skryf 'n DAGBOEKINSKRYWING oor hoe jy voel.

OF

3.2. Jy het by jou vriend/vriendin se huis gaan kuier en wil hê jou ma moet jou daar kom haal. Skryf die AANWYSINGS wat jy vir jou ma gegee het oor hoe om daar uit te kom. Hou die volgende in gedagte:

- Jou ma begin by julle huis.
- Jy moet die straatname insluit.
- Jy moet vir jou ma sê waar om links of regs te draai en waar om reguit aan te ry.
- Jy moet vir jou ma die lengtes wat sy moet ry aandui soos: "Ry vir 50 meter."
- Jy moet aandui as jou ma oor strate moet ry.

OF

3.3. Ontwerp en skryf 'n POSKAART aan jou vriendin / vriendin en vertel hom / haar van jou vakansie.
Skryf oor dinge soos:

- Waar jy met vakansie is.
- Wat jy elke dag doen.
- Hoe dit daar lyk, ens.

ONTHOU: JY MOET DIE POSKAART HIERONDER OORTREK IN JOU ANTWOORDBOEK.

Poskaart	

TOTAAL AFDELING C: 20
VRAESTEL TOTAAL - 100